Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Chandre Small**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Chandre.Small@westerncape.gov.za | 021 467 2336

Lêerno.: 20/3/6/1/ Timetable notifications to schools
Verwysing: 20260430-2946

Omsendbrief: 0018/2026
Vervaldatum: 26 November 2026

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Finale eksamenrooster vir November 2026 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens*

**Onderwerp: Finale eksamenrooster vir November 2026 se NSS-eksamens**

1. November 2026 se NSS-eksamens sal op **Dinsdag, 13 Oktober 2026** begin en op **Donderdag, 26 November 2026** ten einde loop. Die formaat van die eksamenrooster is dieselfde as in 2025.

2. ’n Afskrif van die **finale** eksamenrooster (**Bylae A**) vir November 2026 se NSS-eksamens is aangeheg.

2.1 Die volgende eksamenvraestelle (Vraestel 1) is vir die eerste week van die eksamen geskeduleer:

(a) **Dinsdag, 13 Oktober 2026**
Praktiese eksamen vir Rekenaartoepassingstegnologie

(b) **Woensdag, 14 Oktober 2026**
Praktiese eksamen vir Inligtingstegnologie



top EMPLOYER South Africa 2026 FOR A BETTER WORLD OF WORK

2.2 Die volgende vraestelle vir Kreatiewe Skryfwerk (Vraestel 3) sal geduende die eerste week van die eksamens geskryf word:

(a) **Donderdag, 15 Oktober 2026**
Engels Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Engelse Tweede Addisionele Taal
(b) **Maandag, 19 Oktober 2026**
isiZulu, isiXhosa, isiNdebele, siSwati
(c) **Dinsdag, 20 Oktober 2026**
Afrikaans Huistaal, Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Afrikaans Tweede Addisionele Taal
(d) **Woensdag, 21 Oktober 2026**
Sesotho, Setswana, Sepedi, Tshivenda, Xitsonga, Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal

2.3 **Kandidate moet herinner word dat Vraestel 3 vóór Vraestel 1 en 2 geskryf sal word.**

2.4 Die assesseringstaak en praktiese eksamens vir die volgende vakke is soos volg geskeduleer:

(a) **Dinsdag, 01 September 2026**
Assesseringstaak vir Lewensoriëntering
(b) **Maandag, 03 Augustus 2026 tot Vrydag, 09 Oktober 2026**
Praktiese eksamen vir Uitvoerende Kunste
(c) **Maandag, 14 September 2026 tot Dinsdag, 13 Oktober 2026**
Praktiese eksamens vir Visuele Kunste en Ontwerp

2.5 Neem asseblief kennis dat aanbeveel word dat die graad 12-proefeksamens op **Woensdag, 26 Augustus 2026** begin, soos in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se skoolkalender gepubliseer.

3. Let asseblief op die volgende eksameninligting:

3.1 Twee sessies word vir elke eksamendag geskeduleer. Die oggendsessie sal om 09:00 begin en die middagsessie om 14:00.

3.2 Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (**Vrydag, 11 Desember 2026**) beskikbaar wees, indien dit om welke rede ook al nodig sou wees om 'n spesifieke vak/vraestel te herskeduleer.

3.3 Kandidate wat om watter rede ook al 'n sekere vakvraestel tydens November 2026 se NSS-eksamens nie skryf nie, sal al die vakvraestelle vir daardie spesifieke vak in die Mei/Junie-eksamen van die daaropvolgende jaar moet skryf.

4. Let asseblief op die volgende voordat die eksamen begin:

4.1 Klasse moet tot en met **Vrydag, 09 Oktober 2026** soos gewoonlik voortgaan om maksimum onderrigtyd te verseker.

4.2 Prinsipale/sentrumbestuurders word versoek om gedurende die week van **06 tot 12 Oktober 2026** 'n verbintenisseremonie by hul skole te reël waartydens kandidate hulle tot die eksamenreëls moet verbind. Die verbintenisooreenkoms moet deur alle kandidate onderteken word om bewustheid te skep vir die reëls van die eksamen en die gevolge indien kandidate hierdie reëls sou oortree.

4.3 Prinsipale moet alle voltydse kandidate wat voornemens is om die eksamen te skryf, in kennis stel dat hulle tydens elke eksamensessie skooldrag moet dra.

4.4 Prinsipale moet 'n databasis met die kontakbesonderhede van al hul kandidate en hul naasbestaandes byhou as deel van die gebeurlikheidsplanne om kandidate maklik te kan bereik, indien nodig.

5. Die nasionale minister sal die uitslae van November 2026 se NSS-eksamens op **Maandag, 11 Januarie 2027** bekendmaak, en die provinsiale onderwysdepartemente sal kandidate se uitslae op **Dinsdag, 12 Januarie 2027** bekendmaak.

6. Daar word voorsien dat die nasientydperk vir November 2026 se NSS-eksamens op **Vrydag, 27 November 2026** sal begin. Die Departement van Basiese Onderwys sal hierdie datum bevestig.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders wat by November 2026 se NSS-eksamens betrokke is, asook kandidate wat voornemens is om die NSS-eksamens in November 2026 af te lê.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2026-05-08


top EMPLOYER South Africa 2026 FOR A BETTER WORLD OF WORK